



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**GOVERNMENT GAZETTE**

---

**STAATSKOERANT**

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Price 20c Prys  
Overseas 30c Oorsee  
POST FREE—POSVRY

---

VOL. 156]

CAPE TOWN, 9 JUNE 1978

[No. 6049

KAAPSTAD, 9 JUNIE 1978

---

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1191.

9 June 1978.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 74 of 1978: Sale of Land on Instalments Amendment Act, 1978.

No. 1191.

9 Junie 1978.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 74 van 1978: Wysigingswet op die Verkoop van Grond op Afbetaling, 1978.

Wet No. 74, 1978

WYSIGINGSWET OP DIE VERKOOP VAN  
GROND OP AFBETALING, 1978.

## ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

**\_\_\_\_\_** Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

## WET

Tot wysiging van die bepalings van die Wet op die Verkoop van Grond op Afbetaling, 1971, betreffende die reg van iemand aan wie grond kragtens 'n kontrak verkoop is, om transport van daardie grond te verkry wanneer daarop beslag gelê is of in die geval van die uitreiking van 'n finale likwidasië- of sekwestrasiebevel ten opsigte van die geregistreerde eienaar van daardie grond of sy boedel; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 29 Mei 1978.)*

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 14 van Wet 72 van 1971, soos vervang deur artikel 11 van Wet 49 van 1975.

1. (1) Artikel 14 van die Wet op die Verkoop van Grond op Afbetaling, 1971 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby 5 gewysig deur subartikels (3), (4) en (5) deur die volgende subartikels te vervang:

„(3) Wanneer daar uit hoofde van 'n lasbrief vir eksekusie teen die onroerende goed van die geregistreerde eienaar, beslag gelê word op grond wat kragtens 'n kontrak verkoop 10 is of wanneer grond wat kragtens 'n kontrak verkoop is, geregistreer is op naam van iemand ten opsigte van wie se boedel 'n finale bevel tot sekwestrasie of likwidasië gegee word, en daardie grond nie met 'n verband beswaar is nie, **[word]** moet daardie grond sonder benadeling van die 15 regte van enige persoon wat dit van 'n tussenpersoon gekoop het, as daar is, getransporteer word deur die betrokke adjunk-balju, geregsbode, kurator of likwidateur, na gelang van die geval, op naam van die persoon wat die reg het om transport van die grond te eis en wat reëlings tot 20 bevrediging, na gelang van die geval, van die adjunk-balju of geregsbode, voordat die grond in eksekusie verkoop word, of van die Meester van die Hooggeregshof onder wie se toesig die beredding van die boedel van die insolvent geskied, binne ses maande na die aansegging van die koper of die 25 tussenpersoon of albei, na gelang van die geval, ingevolge subartikel (2) om transport te neem, tref vir die betaling van die uitstaande saldo kragtens die ooreenkoms plus rente tot die datum van die registrasie van transport of van al die sekwestrasie- en administrasiekoste wat met dié grond in 30 verband staan, met inbegrip van enige begiftiging of skenking wat ingevolge die een of ander wet ten opsigte van daardie grond aan iemand gemaak moet word, watter van die twee bedrae ook al die grootste is, en al die ander koste in verband met transport, asook vir die ondertekening van al die 35 dokumente wat in verband met transport vereis word.

(4) Wanneer in die in subartikel (3) bedoelde omstandighede die grond wat kragtens 'n kontrak verkoop is, met 'n

SALE OF LAND ON INSTALMENTS  
AMENDMENT ACT, 1978.

Act No. 74, 1978

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

- [**                      **]**      Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- \_\_\_\_\_                      Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

To amend the provisions of the Sale of Land on Instalments Act, 1971, relating to the right of any person to whom land has been sold in terms of a contract, to obtain transfer of such land when it is attached or in the case of the issue of a final order of liquidation or sequestration in respect of the registered owner of such land or his estate; and to provide for incidental matters.

(Afrikaans text signed by the State President.)  
(Assented to 29 May 1978.)

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. (1) Section 14 of the Sale of Land on Instalments Act, 1971 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for subsections (3), (4) and (5) of the following subsections:
- Amendment of section 14 of Act 72 of 1971, as substituted by section 11 of Act 49 of 1975.
- 10      “(3) When land sold under a contract is attached by virtue of a writ of execution against the immovable property of the registered owner or when land sold under a contract is registered in the name of any person in respect of whose estate a final order of sequestration or liquidation has been given, and that land is not encumbered by a mortgage bond, that land shall without prejudice to the rights of any person  
15      who purchased it from an intermediary, if any, be transferred by the deputy sheriff, messenger of the court, trustee or liquidator concerned, as the case may be, into the name of the person who has the right to claim transfer of the land and who makes arrangements to the satisfaction, as the case may be, of the deputy sheriff or the messenger of the court, before  
20      the land is sold in execution, or of the Master of the Supreme Court under whose supervision the liquidation of the estate of the insolvent is taking place, within six months after the purchaser or the intermediary, or both, as the case may be,  
25      has or have been called upon in terms of subsection (2) to take transfer, for the payment of the outstanding balance under the agreement plus interest to the date of the registration of transfer or of all such costs of sequestration and administration as relate to such land, including any  
30      endowment to be made in terms of any law to any person in respect of such land, whichever of the two amounts may be the larger, and all other costs in connection with transfer, as well as for the signing of all the documents required in connection with transfer.
- 35      (4) When in the circumstances referred to in subsection (3) the land sold under a contract is encumbered by a mortgage

Wet No. 74, 1978

WYSIGINGSWET OP DIE VERKOOP VAN  
GROND OP AFBETALING, 1978.

verband beswaar is, **[word]** moet die grond by ontstentenis van 'n ander reëling met betrekking tot transport daarvan aan die koper, sonder benadeling van die regte van 'n koper wat die grond van 'n tussenpersoon gekoop het, as daar is, getranspoteer word deur die betrokke adjunk-balju, geregs- 5 bode, kurator of likwidateur, na gelang van die geval, op naam van die persoon wat die reg het om transport van die grond te eis en wat reëlings tot bevrediging, na gelang van die geval, van die adjunk-balju of geregsbode, soos in genoemde subartikel bedoel, of van die betrokke Meester, 10 binne dertig dae na die aansegging van die koper of tussenpersoon of albei, na gelang van die geval, ingevolge subartikel (2) om transport te neem, tref vir die betaling van die uitstaande saldo kragtens die verband plus rente tot die datum van die registrasie van transport en al die sekwestrasie- 15 en administrasiekoste wat met dié grond in verband staan, met inbegrip van enige begiftiging of skenking wat ingevolge die een of ander wet ten opsigte van daardie grond aan iemand gemaak moet word, en ander bedrae wat in rangorde staan vóór die vordering wat met die verband versekureer is, 20 of van die uitstaande saldo kragtens die ooreenkoms plus rente tot die datum van die registrasie van transport, watter van die twee bedrae ook al die grootste is, en al die ander koste in verband met transport, asook vir die ondertekening van al die dokumente wat in verband met transport vereis 25 word: Met dien verstande dat indien die houer van 'n verband oor die grond 'n lasbrief vir eksekusie ten opsigte van die grond uitgeneem het, die persoon wat transport neem ook die werklike bedrag deur die verbandhouer betaal of waarvoor hy aanspreeklik is ten opsigte van die beslaglegging op die 30 grond, moet betaal voordat hy op transport geregtig is.

(5) Indien 'n in subartikel (3) of (4) bedoelde persoon uit hoofde van die reëlings wat hy kragtens daardie subartikel moes tref, meer betaal het as die uitstaande saldo ingevolge die ooreenkoms plus rente tot die datum van die registrasie 35 van transport, kan daardie persoon die verskil tussen die twee bedoelde bedrae op die persoon van wie hy die reg verkry het om transport van die grond te eis, verhaal."

(2) Die bepalings van subartikels (3), (4) en (5) van artikel 14 van die Hoofwet, soos gewysig deur subartikel (1) van hierdie 40 artikel, is ook van toepassing ten opsigte van enige kontrak, soos omskryf in artikel 1 van die Hoofwet, wat te eniger tyd voor die inwerkingtreding van hierdie Wet aangegaan is en by sodanige inwerkingtreding nog van krag is.

Kort titel.

2. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Verkoop van 45 Grond op Afbetaling, 1978.

SALE OF LAND ON INSTALMENTS  
AMENDMENT ACT, 1978.

Act No. 74, 1978

5 bond, the land shall, failing any other arrangement relating to  
the transfer thereof to the purchaser, be transferred, without  
prejudice to the rights of any purchaser who purchased the  
land from any intermediary, if any, by the deputy sheriff,  
10 messenger of the court, trustee or liquidator concerned, as the  
case may be, **[to]** into the name of the person who has the  
right to claim transfer of the land and who makes arrange-  
ments to the satisfaction, as the case may be, of the deputy  
sheriff or messenger of the court, as contemplated in the said  
15 subsection, or of the Master concerned, within thirty days  
after the purchaser or intermediary, or both, as the case may  
be, has or have been called upon in terms of subsection (2) to  
take transfer, for payment of the outstanding balance under  
the mortgage bond plus interest to the date of the registration  
20 of transfer and all such costs of sequestration and administra-  
tion as relate to such land, including any endowment to be  
made in terms of any law to any person in respect of such  
land, and such other amounts as rank in preference prior to  
the claim secured by the mortgage bond, or of the  
outstanding balance under the agreement plus interest to the  
date of the registration of transfer, whichever of the two  
amounts may be the larger and all other costs in connection  
with transfer, as well as for the signing of all the documents  
25 required in connection with transfer: Provided that if the  
holder of a mortgage bond over the land has taken out a writ  
of execution in respect of the land, the person who takes  
transfer shall also pay the actual amount paid by the  
mortgagee or for which he is liable in respect of the  
attachment of the land, before he is entitled to transfer of the  
30 land.

(5) If a person referred to in subsection (3) or (4) has, by  
virtue of the arrangements he was required to make under  
that subsection, paid more than the outstanding balance under  
the agreement plus interest to the date of the registration of  
35 transfer, he may recover the difference between the two said  
amounts from the person from whom he acquired the right to  
claim transfer of the land."

(2) The provisions of subsections (3), (4) and (5) of section 14  
of the principal Act, as amended by subsection (1) of this section,  
40 shall also apply in respect of any contract, as defined in section 1  
of the principal Act, which was entered into at any time before the  
commencement of this Act and which is still in force at such  
commencement.

2. This Act shall be called the Sale of Land on Instalments Short title.  
45 Amendment Act, 1978.

